Weerkennis (c)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van die wonder van weersveranderinge.
2. Bewus te maak van die invloed wat die weersomstandighede op ons bestaan het.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende weerinstrumente leer ken en kan lees:
   - Reënmeter.
   - Windmeter.
   - Barometer.
   - Termometer.
2. Ten opsigte van reën:
   - Weet watter streke in ons land winterreëns kry, watter somerreëns kry, watter dele deur die jaar reën kry en watter baie min reën kry.
   - Weet hoe die volgende gevorm word (baie elementêr): reën, dou, ryp, kapok, sneeu, weerlig en 'n reënboog.
   - Die volgende wolksoorte uitken: vlies-, mis-, reën-, stapel- en donderwolke.
   - 'n Eenvoudige reënmeter opstel, hoe om dit te lees, te noteer, en redes vir notering bespreek.
3. Ten opsigte van wind:
   - Die agt vernaamste windrigtings ken.
   - Aandui hoe die plantegroei die heersende windrigting aandui.
   - 'n Eenvoudige windmeter opstel.
4. Ten opsigte van temperatuur:
   - Weet watter omstandighede in sy eie streek skielike temperatuursveranderinge laat ontstaan.
   - Weet hoe om in baie warm en baie koue weer op te tree.

C AANBIEDING

1. Vereiste 2.1. Gebruik 'n kaart van die Republiek van Suid-Afrika en vul die nodige daarop in.
2. Vereiste 2.2. Te veel of te min inligting kan verwarring skep. Bepaal die hoeveelheid volgens die groep se vermoë.
3. Vereiste 2.3. Aanvanklik sal prente of skyfies geskik wees vir die eerste kennismaking. Daar moet egter soveel as moontlik geleentheid gegee word vir uitkenning van die werklike wolke.
4. Vereiste 2.4. Die lesings op die reënmeter kan ook op die reënkaart ingevul word.
5. Vereiste 3.1. Maak gebruik van 'n skets van 'n windroos om die windrigtings aan te dui.
6. Vereiste 3.2. Die waarneming kan in 'n tuin, 'n park of in die veld plaasvind.
7. Vereiste 3.3. Hier kan 'n windkous opgerig word. Slegs die windrigting word bepaal en nie die windspoed nie.
8. Vereiste 4.1. Die doel is dat die kind in staat moet wees om die kennis wat hy opgedoen het so te gebruik dat hy deur na die wind, wolke en temperatuur te kyk, kan bepaal of byvoorbeeld 'n uitstappie wenslik is of nie.
9. Vereiste 4.2. Die kind moet die gevare besef wat baie hoë en baie lae temperatuur inhou en ook weet hoe om onder sulke omstandighede op te tree.